Maandag

Mat. 1: 18 – 23; Johannes 1: 1 – 18. Teks Joh. 1: 14: “ En die Woord het vlees geword en onder ons kom woon.” Tema Jesus Christus is hoe God God is. Kersfees is die fees dat Jesus Christus God met ons is. Dit is hoe die engel dit in Matteus 1: 21, 23 aankondig: “Sy sal geboorte aan ‘n seun gee en jy moet Hom Jesus noem, want Hy sal sy volk van hulle sondes verlos ... en hulle sal Hom Immanuel noem – wat as dit vertaal word, beteken ‘God is met ons’. Jesus Christus is God met ons! Só openbaar die Here Homself met sy verskyning aan sy dissipels in Mat. 28: 20: “En kyk, Ek is met julle al die dae tot die voleinding.” Jesus Christus is Immanuel, God met ons. Joh.1:14: “ En die Woord het vlees geword en onder ons kom woon”, is die aankondiging van die geboorte van Christus in die Johannes evangelie. Dit is inhoudelik dieselfde openbaring as “Sy sal geboorte aan ‘n seun gee ... en hulle sal Hom Immanuel noem.” Joh. 1: 1 – 18 is die openbaring van die betekenis van Jesus se geboorte, dat Hy die Woord vlees geword en onder ons kom woon het. Jesus Christus is die Woord. Hy is die Seun wat die Vader openbaar. (1: 18) Jesus word die Woord genoem. Dit is soos met ons. Niemand kan ‘n ander persoon ken deur net na hom te kyk nie. Eers wanneer ‘n persoon jou met en in woorde vertel wie hy of sy is, kan jy daardie mens as persoon ken. Jesus is Woord – Hy is God wat God openbaar maak. Die Seun van die Vader laat God geken word in sy heerlikheid as God. God is en sal nooit ‘n geheime, afwesige, verskuilde en onkenbare God wees nie. God is altyd openlik God in sy heerlikheid as Skepper. Jesus Christus, die Seun is die Persoon wie God se heerlikheid openbaar maak – van die begin van die skepping af: “In die begin was die Woord daar.” Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Mat. 1: 18 – 23; Johannes 1: 1 – 18. Teks Joh. 1: 14: “ En die Woord het vlees geword en onder ons kom woon.” Tema Jesus Christus is hoe God God is. Jesus Christus is die Seun van die Vader, by die Vader en self God. God die Vader het alles deur die Seun geskep sodat elke deel van die skepping deur Christus geskep is. Jesus Christus openbaar die heerlikheid van die Vader in elke deel van die skepping. Dit doen Christus van die begin van die skepping af. Elke ervaring wat ons in die skepping beleef oor die skoonheid, die wonder, die grootsheid en die omvang van die skepping is Christus wat God so aan ons openbaar. In alles wat ons in reën, diere, plante en plante God se nabyheid beleef, is dit Christus wat die heerlikheid van die Vader aan ons openbaar, self God, nog altyd by die Vader en altyd, die Seun, die Woord. Dié Woord het vlees geword. Dit is die wonder van Kersdag – die Woord het vlees geword. “ Vlees” beteken sondaar-mens, nie sommer net liggaam, vleis of menslik nie. Die Here self gebruik die woord “vlees” in hierdie betekenis in Joh.3:6: “Wat uit die vlees gebore is, is vlees en wat uit die Gees gebore is, is gees.” Een met sondaars, al is Hy self geen sondaar en glad nie sondig nie. Een met sondaars, al is Hy self heilig gebore. (Luk. 1: 35) In sy geboorte as baba al een met die sondes vir wie Hy die Slaglam gaan word. (Joh. 1: 37) Kersdag is die dag waarop God self vlees geword het – self mens sonder sonde, ingesluit in die sonde van hulle wat in sonde ontvang en gebore word. Só woon God nou onder sondaars. (1:14) “ Woon” beteken self tuismaak. God het ons sy tuiste gemaak. Tuis omdat God gemaklik God is onder ons wat sondaars is. Jesus Christus wat vlees geword het, sondaar-mens in ons plek, is hoe God God is - Tuis met ons en tuis onder ons. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Mat. 1: 18 – 23; Johannes 1: 1 – 18. Teks Joh. 1: 14: " En die Woord het vlees geword en onder ons kom woon." Tema Jesus Christus is hoe God God is. Wat bewerk God om só God te wees – self mens deel van en ingesluit in ons sonde? Só bewerk Christus dat ons weer die heerlikheid van die Vader kan sien. Die heerlikheid van God is dat ons uit die volheid van sy liefde van Hom nou net genade op genade ontvang. (1: 16) Genade op genade, beteken genade sonder ophou, aanhoudende genade, onbeperkte genade vir altyd, net genade, nooit oordeel, straf, vervloeking of verwerping nie. Só woon God nou onder ons omdat Hy self deur ingesluit in ons sonde sondaar-mens is wat die oordeel van ons sondes dra. Deur God wat nou só God is ontvang ons genade op genade. Christus wat vlees word, wys vir ons die heerlikheid van die Vader vol genade en waarheid. Dit wys die Vader se ware genade en genadige waarheid, genade wat nooit ophou vir ons as sondaars nie. Wat sien 'n sondaar wat net aanhoudende genade ontvang? Ons sien God is liefde! (1 Joh. 4:8) Die heerlikheid van God is dat Hy liefde is. Omdat ons in Hom nie meer oordeel, straf, vervloeking en verwerping kan sien nie, sien ons Hom weer vir wie Hy in sy heerlikheid is – God is liefde! Ons sien die liefde in sy almag. Hy het alle mag gebruik om vlees te word en God onder ons te word, nie om ons met alle mag te oordeel nie. Ons sien geen wispelturigheid in sy almag nie. Ons sien die liefde van sy soewereiniteit: Hy besluit soos Hy wil, beskik sonder ons inspraak en voer sy raad uit sonder ons raad. In Hom wat só vlees word, sien ons Hy is absolute liefde. Ons sien geen oorheersing in sy almag nie. Ons sien liefde in sy wysheid en alwetendheid. In God wat vlees word sien ons hoe Hy alles van liefde weet en hoe wys Hy is om lief te hê. Ons sien geen beterweterigheid of slimmigheid in God se liefde nie. Ons sien liefde in sy alomteenwoordigheid want Hy woon altyd onder ons om ons in sy liefde te laat leef. Ons sien geen verdringing of opdringerigheid in sy alomteenwoordigheid nie. Binne sy aanhoudende genade sien ons sy heerlikheid – Hy is liefde! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Mat. 1: 18 – 23; Johannes 1: 1 – 18. Teks Joh. 1: 14: " En die Woord het vlees geword en onder ons kom woon." Tema Jesus Christus is hoe God God is. Ons kan God se heerlikheid só sien want Jesus Christus het God sý Vader ons Vader gemaak. Dit het Christus gedoen deur ons die reg te gee om kinders van God te wees. (1:12) Daar is net een wyse waarop iemand die reg het om kind te wees. Dit is wanneer 'n persoon in homself die reg geskep het om 'n vader te wees. Vaderskap van 'n pa gee sy kind die reg om sy kind te wees. Daar is niks in wat 'n kind is of doen wat 'n kind die reg op kindskap gee nie. Vaderskap skep kindskap! Daarom verklaar Johannes dat die reg om kind van God te wees: "Hulle is dit nie uit bloed nie, ook nie uit liggaamlike drang nie, ook nie uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore." (1:13) Geen menslike DNA, liggaamlike drag of menslike wil, kan die reg skep om kind van God te wees nie want net God kan in Homself die reg skep dat sondaars sy kinders is en aan sondaars die reg gee om kinders van God te wees - deur Homself hul Vader te maak. God gee kindskap – kindskap is uit god gebore, deur God geskep deur Homself Vader te maak. Die reg van kindskap van God gebeur deur die Woord wat vlees word. Jesus Christus wat sondaar-mens word deur ingesluit te word en te deel in die sondes van sondaars. In hierdie vereniging van Christus van sondaars met Homself (Joh.15) maak die Seun sy Vader ons Vader en hierdie Vaderskap is ons reg om kinders van God te wees. Christus maak sondaars

God se kinders deur hulle in God se liefde te laat leef waarin genade aanhoudend, sonder ophou is. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag
Mat. 1: 18 – 23; Johannes 1: 1 – 18. Teks Joh. 1: 14: “ En die Woord het vlees geword en onder ons kom woon.” Tema Jesus Christus is hoe God God is. Kersfees is die fees van die Lig! Ons vier dit deur liggies aan Kersbome, in huise en strate. Ons vier die Lig wat in ons aangekom het: die Unieke Seun, self God, wat teen die bors van die Vader is, het sy Vader my Vader gemaak. Ons Lig is dat Jesus Christus wat vlees geword het, is hoe God God is. In en deur Hom leef ons in genadige liefde en liefdevolle genade wat nooit ophou nie. Ek het só die reg om kind van God te wees – kind deur sy liefde en in sy liefde, deur die Seun wat sondaar-mens in my plek geword het al was Hy self sondeloos. Só verlig Christus gelowiges – hulle kan die liefde van die Vader vir hulle as kinders sien. Só sien hulle in alles wat God in sy skepping is en doen, sy liefde. Hy is liefdevol besig met sy skepping en het sy skepping lief. Sy skepping is sy liefde as God. Dit is nie sy las of verleentheid nie. Só sien ons in alles wat God in sy skepping is, almagtig, wys, alomteenwoordig, alwetend, oneindig en die oorsprong van alle dinge – God is liefde! Ons sien in al sy hande-werk die liefde van ons Vader. Niks kan ooit hierdie lig in Christene uitdoof nie. Geen sonde wat ons doen of mee sukkel kan maak dat die duisternis ons oorrompel nie. Ook nie ander mense se duisternis dat hulle nie God se heerlikheid kan sien, kan die Lig in ons uitdoof nie. Die duisternis dat God nie liefde is en Hy ons Vader in sy liefde is nie. Ons kan nooit in hierdie duisternis van God se afwesige liefde soek na ander ligte nie. Ons is nie soos insekte in die nag wat elke klein liggie as ons son glo nie. Ons leef in die volle sonlig van God die Vader se liefde omdat sy Seun vlees geword het vir ons:  God woon onder ons in sy liefde. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds.  Petrus